Sing vooraf staande: Psalm 138:4 (p. 671)

4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 9:1, 10 (p. 36)

1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;

10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 4:2 (p. 15)

2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,
maar dat die HEER hom hoor en red. / Beef dan, o dienaars van die sonde,
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.

Skriflesing: Eksodus 12:1-17 en 24-28; 1 Korintiërs 11:23-29; Titus 3

Teks: Eksodus 12:24-26; 1 Korintiërs 11:26 Titus 3:4-7; Kategismus Sondag 28

Onderhou dan hierdie saak as 'n insetting vir jou en jou kinders tot in ewigheid. 25 En as julle in die land kom wat die HERE aan julle sal gee soos Hy beloof het, moet julle hierdie diens onderhou. 26 En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar? 27 dan moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die HERE, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het. Toe het die volk in aanbidding neergebuig. (Eksodus 12:24-26 AFR1953)

23 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; 24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. 25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. 26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. (1 Korintiërs 11:23-26 AFR1953)

4 Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het – 5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het

nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees 6 wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser; 7 sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe. (Titus 3:4-7 AFR1953)

Wat beteken die diens daar?

- Dit is wat die kinders van die Israeliete vir hulle moet vra aangaande die Pasga.
- Dan moet hulle aan hulle kinders verklaar en sê dat die Paasoffer ter ere van die Here is, want met die tiende plaag in Egipteland het die Here by die huise van die Israeliete verbygegaan en die Egiptenare se eerstelinge met die dood getref.

In die Nuwe Testament gaan die Heilige Gees net aan met dieselfde manier van doen!

- Ons is almal God se kinders wat aan sy tafel sit.
- Daarom sê die apostel Paulus “wat ek van die Here ontvang het, het ek ook aan julle oorgelewer!”
- Die Nagmaal leer ons dus elke keer presies soos wat die Joodse kindertjies van die Pasga geleer is!

Waarom? Die Here Jesus Christus het van die Pasga die heilige Nagmaal gemaak.

- Ons moet weet wat om ons kinders te antwoord as ons kinders vir ons vra: wat beteken die Nagmaal?
- Net soos die kinders van die Israeliete het ons kinders ook die reg om te weet wat die Nagmaal en die Doop vir hulle beteken.

’n Goeie antwoord is die waarborg dat hulle sal onthou waarom hulle gedoop is, en ook om hulle te laat verstaan wat die Nagmaal vir hulle beteken.

- Vanselfsprekend sal hulle hulle dan deeglik voorberei vir hulle belydenis wat hulle die toegang tot die Nagmaal verleen.
- Telkens wanneer hulle daarna weer die Nagmaal vier, sal hulle hulleself sorgvuldig gereedmaak en voorberei om aan die Nagmaal aan te sit.

Om ons kinders te kan opvoed is dit mos ook nodig dat ons volwassenes weer van tyd tot tyd opgeskerp word oor die betekenis van Nagmaal.

- Watter mens vergeet nie?
- En watter mens raak nie so gewoond aan iets dat dit later in sy betekenis verswak – of dit selfs heeltemal verloor nie!

Vir ons is die Nagmaal ’n openbare belydenis dat ons deel het aan die kruis.

- Daarom het ons deel aan die dood en die opstanding van die Here Jesus Christus.
- Deur die Nagmaal ken ons weer die Here Jesus Christus as ons Here wat ons verlos het.

Ons het ’n tydstip in die geskiedenis bereik waar ons weer baie helder oor hierdie geloofsake moet dink en besin.

- Dit mag dalk moontlik wees dat ons in die tye wat kom, ons lewe sal verloor as ons hierdie belydenis openlik voor die wêreld sal vier.
- Wanneer ons daar kom, moet ons geloof so sterk wees dat ons ons nie sal skaam om te sterf in die Naam van die Here Jesus Christus nie.

Kategismus Sondag 28 verklaar die Nagmaal baie duidelik.

- In vraag 75 word ons geleer wie die Gasheer van die Nagmaalsmaaltyd is.

- Vraag 76 wys ons op die geestelike voedsel en drank van die Nagmaal.
- Vraag 77 leer ons wie die gaste aan die Nagmaaltafel is.

Ons kan tog nie vir ’n ete opdaag sonder dat iemand ons nooi vir ’n ete nie.

- Daarom vier ons Nagmaal wanneer Jesus Christus ons beveel om aan sy tafel te kom aansit om sy dood te vier.
- Dit gaan met die Nagmaal ook presies net soos wat dit met enige ander ete gaan – die Gasheer reël alles.
    - Hy bepaal die plek vir die Nagmaal – soos wat Hy ook die plek bepaal het vir die laaste Pasga, waar Hy die Nagmaal ingestel het.
    - Dit is nie net iets wat ons in die Nuwe Testament geleer word nie. Ons lees al in Deuteronomium 16:2 dat Israel die Pasga moet slag op die plek wat die Here uitgekies het om sy Naam daar te laat woon.

Net so ook met die Nagmaal.

- Die Here Jesus Christus het sy kerk beveel om die Nagmaal te hou.
- Die kerk moet die nodige reëlings tref om die brood en wyn (voedsel en die drank) te voorsien – soos wat die apostels aangesê was om die pasga te gaan voorberei!
- In ons geval berei die diakens die fisiese ete voor, en die ouderlinge moet die Nagmaalgangers geestelik daarvoor gereed maak

Dít moet ons altyd onthou: Al geskied die Nagmaal in die kerk, dit is die Here Jesus Christus wat die Nagmaal aanbied en wat u beveel om aan te sit aan sy eettafel.

- Juis omdat dit die maaltyd van die Here Jesus Christus is, moet die ouderling by u gaan huisbesoek doen.
- Hy moet in die Naam van Jesus Christus gaan – die Here stuur die ouderling om u in kennis te stel dat die Nagmaal weer gereedgemaak word en dat u op die Here Jesus se bevel aan die tafel moet kom Nagmaal vier om verlossing van sondes te herdenk.
- Die Here gebruik die kerkraad om te sorg dat alles ordelik gebeur, byvoorbeeld dat daar Nagmaal gevier word, en dat al die middele daar is.

Dit is ook namens die Here dat die predikant by die tafel sê dat u op die Here Jesus se bevel moet toetree tot die tafel.

- Met die Nagmaal preek die Here Jesus Christus weer self vir ons.
- Op ’n sigbare manier leer Hy ons van sy genade en dierbaarheid oor ons.
- Hy laat ons ook die kruis sien, al leef ons so lank na die tyd van sy kruisiging.

Hy leer ons dat sy goedheid oor ons nie opgehou het, of verbygegaan het, daardie dag op Gólgota nie.

- Soos wat Hy ons nou nog deur die Nagmaal leer van sy lyde en sterwe, net so geld sy genade oor ons ook vandag nog.
- Die bewys is dat ons deel het aan sy maaltyd – soos wat ons deel het aan sy liefde.
- Verder leer Hy ons dat Hy die Hoëpriester van God is, wat sy eie liggaam vir ons geoffer het en sy bloed vir ons vergiet het.

Die Bybel leer ons met verskillende gelykenisse wat gebeur wanneer Christus vir ons sterf.

- Hy is die Goeie Herder wat sy lewe aflê vir sy skape.
- Hy berei Homself as ’n spyse, sodat ons wat voedsel en drank aan sy tafel kom nuttig, ons siele kan versadig, en dat ons tot in ewigheid toe nie weer dors sal hê nie – so leer Hy die Samaritaanse vrou.

- Hy is die Vader wat sorg dat sy kinders nie geestelik honger ly nie.

Ons kan byna sê dat daar twee soorte voedsel en drank aan die Nagmaaltafel is.
- Ons eet in die eerste plek regte brood, en drink wyn met ons mond.
- Maar, in die tweede plek, word ons ook versadig met die bloed en vlees van Christus – geestelik.

In die Ou Testament mag die Israeliete nie van die vleis van die sondoffer geëet het nie, en ook nie van die bloed van die geslagte dier gebruik het nie.
- Maar nou kom die Here Jesus Christus in die Nuwe Testament en Hy verander dit.
    - Hy sê: Eet en drink.
- Is dit nie ’n geweldige voorreg nie?
    - Ons mag eet van die brood van die lewe, en drink van die bloed van versoening, om daarmee te bewys dat ons deel daaraan het.
    - Ons ontvang dit uit genade – ons daar niks voor te betaal nie. Alles verniet in God se genade.
- Dit bewys aan ons dat ons ten volle ’n aandeel het aan alles wat Christus gedoen en verwerf het, en nie net aan een of twee van die dinge wat Hy verwerf het nie.

Hierdie geestelike spys en drank bevestig dat:
- Ons vergewing het van al ons sondes.
- Dit bevestig aan ons dat ons deel het aan die ewige lewe, soos wat ons deel het aan die kos wat ons eet.
- Al wat ons moet doen, is om dit te glo – en daarmee help die Here Jesus Christus ook nog met die sigbare aanbieding van die Nagmaal.

Asof dit nie genoeg genade is wat God aan ons swakke mense bewys nie, gee Hy ook nog die Heilige Gees aan ons om in ons te kom woon.
- In hierdie geval oortuig die Heilige Gees van God ons dat ons een liggaam met die Here Jesus Christus is.
- Christus neem die afstand tussen ons en Hom weg deur ons sondes weg te neem van ons af, want dit het ons van Hom geskei.
- Dan het ons so ’n eenheidsdeel aan Hom dat ons saam met hom ’n maaltyd nuttig. Ons deel in al sy verlossingsweldade.

Wie is die gaste? Kom ons vra die vraag baie ernstiger. Wie is geregtig om aan die tafel te kom aansit wanneer Christus sy maaltyd aanbied?
- Christus roep ons almal wat glo.
- Dis belangrik dat daar juis geskryf staan dat alle gelowiges sy dood moet vier.

Die klem lê op *gelowiges*.
- Dit gaan hier glad nie oor volmaakte mense nie!
- Almal wat glo, moet!
- As jy volmaak sou wees, het jy mos nie versterking van jou geloof nodig nie.
- Die Here Jesus Christus bied die Nagmaal juis só aan dat dit ons geloof moet versterk omdat ons onvolmaak is.

Ons het die Nagmaal nodig!
- Die Here Jesus Christus roep mense na die tafel toe wat swak is in hulle geloof.
- Mense wat weet van hulle swakhede!

- Mense wat bid vir genade!

Dit is mos wat ’n gelowige is:

- Dit is ’n mens wat verblind word deur die sonde, maar hy volhard nie in die sonde nie.
- Hy stry in die Naam van die Here om sy sondes te oorwin.
- Dan word hulle gereinigdes omdat hulle vergewing van sondes ontvang en die Heilige Gees in hulle kom woon.
- Hulle is die mense wat salig word omdat Christus dit aan hulle verseël.

Geliefdes, ons is besig met voorbereiding om die Nagmaal te vier.
Wat gaan die Nagmaal aan u doen? Gaan dit u geloof bevestig dat u die nabyheid van God by u kan aanvoel?

- Ons moet boetvaardig bid vir die vergewing van die sondes wat ons doen.
- Ons moet smag na die genade van die Here.
- As ons al die beloftes van God glo, dan moet ons weet dat ons uitverkorenes is, en dat al die beloftes van die Nagmaal ons deel is.

Wees dan versterk in u gees, want God gaan weer deur die Nagmaal u gees versterk sodat u altyd blymoedig en verseker van die ewige lewe mag wees.

Kom ons lees saam wat daar in die Heidelbergse Kategismus Sondag 28 van die Nagmaal bely word:

Vraag 75: Hoe word jy in die heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het?

Antwoord: *Christus het my en alle gelowiges beveel om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie beker te drink. Daarby het Hy beloof (a), Ten eerste, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek, en sy bloed vir my gestort is, as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die beker aan my gegee word. Ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net so seker vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die beker van die Here, as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed, uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.*
(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20; 1 Kor 10:16, 17; 11:23-25; 12:13.

Vraag 76: Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?

Antwoord: *Dit beteken nie slegs om met ’n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie (a). Dit beteken boonop om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word (b), dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is (c); al is Christus nou in die hemel (d) en ons op die aarde. Dit wil se dat ons deur een Gees – soos die ledemate van die liggaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word (e).*
(a) Joh 6:35, 40, 47, 48, 50, 51, 53, 54. (b) Joh 6:55, 56. (c) Ef 5:29, 30; 3:16; 1 Kor 6:15; 1 Joh 3:24; 4:13. (d) Kol 3:1; Hand 3:21; 1 Kor 11:26. (e) Joh 6:57; 15:1-6; Ef4:l5, l6.

Vraag 77: Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?

Antwoord: *By die instelling van die nagmaal wat soos volg lui (a): “In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe vtestament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle van hierdie brood eet en*

hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom" (1 Kor 11:23-26). Hierdie belofte word ook herhaal deur Paulus waar hy sê: "Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood" (1 Kor 10:16, 17).
(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 31:2, 12 (p. 143)

2 O neig u oor en red 'n lyder, / wees my by stormgerug / 'n rots om in te vlug!
Wees my 'n vesting, o bevryder, / wat op 'n berg verhewe, / my veiligheid kan gewe!

12 Heer, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 25 Julie 2010